



GRAAD 8 NW 15 tot 19 JUNIE

Antwoorde: p 59


SUURSTOF



NATRIUM



FOSFOR



Dinsdag: Ons gaan nou 'n paar berekeninge doen. Soos onder op p 59 (sien die oranje blokkie onderaan p 59). Die massagetel by elke element op die periodieke tabel (dit is die grootste getal en is onder die element gekryf) is die aantal protone plus die neutrone. Die kleinste getal (bo-aan die element geskryf) is die atoomgetal en dit verteenwoordig die aantal protone. As jy wil bereken hoeveel neutrone daar in 'n atoom is, moet jy die atoomgetal aftrek van die massagetal

Voorbeeld: Fosfor (P) het 15 protone, 15 elektrone en dan $(31-15 =)$ 16 neutrone. Doen nou dieselfde vir Kalsium, Magnesium en Chloor.

DONDERDAG p 59

SUIWER STOWWE

Materie is mos enigiets wat ruimte beslaan en massa besit, onthou jy?

Materie is of 'n mengsel of 'n suiwer stof. "n Suiwer stof is of 'n ELEMENT of 'n VERBINDING.

'n ELEMENT is 'n suiwer stof wat slegs EEN soort atoom bevat, soos al die elemente wat jy moes leer (C, H, He ens)

VERBINDINGS

Baie min elemente bestaan op hul eie in die natuur. Verskillende atome van verskillende elemente word saamgevoeg en dit beteken hulle ondergaan 'n CHEMIESE REAKSIE en verbind met mekaar. Ons noem dit 'n sintese reaksie, want iets nuuts ('n verbinding) word gevorm. Sterk kragte hou die atome bymekaar en dit word 'n chemiese binding genoem. Voorbeelde water (H_2O), Koolstofdioksie (CO_2) en tafelsout ($NaCl$)

'n Verbinding is dan 'n stof waat bestaan uit atome van twee of meer verskillende elemente wat chemies gebind is. Hulle is suiwer stowwe omdat hulle uit slegs een tipe stof bestaan. Die atome in 'n verbinding bind altyd in 'n vaste verhouding bv H_2O : twee H atome bind altyd met een O atoom. 'n Verbinding kan weer geskei word, maar altyd deur 'n chemiese proses en dit benodig altyd energie bv hitte ('n vlammetjie) of 'n elektriese stroom.